BYBELSTUDIE OPENBARING LES 19.

Daar is reeds melding gemaak van 'n tussentoneel wat volg ná die sesde seël en die sesde trompet wat handel oor die eindoordeel van God. Deel ons dit teksgewys in lyk dit soos volg:

Eerste vyf en sesde seël [6:1-17].

Tussentoneel [7:1-17].

Handel oor die verseëling van die diensknegte [1-8] en die verlostes in die hemel [9-17].

Sewende seël as oorgang tot die trompette [8:1-5].

Eerste vyf en sesde trompet [8:6-9:21].

Tussentoneel [10:1-11:14].

Die sterk engel en die oop boek; meting van die tempel; twee getuies.

Sewende trompet [11:15-19].

Die ses seëls neem ons kortliks deur die geskiedenis vanaf die eerste tot die tweede koms van Jesus Christus. Dit eindig na die sesde seël met die geweldige vraag: Wie kan in die oordeelsdag voor God bestaan? Die eerste tussentoneel in hoofstuk 7 is 'n terugflits na die hemel. Dit wys na gelowiges wat skuiling by die Here soek. Deur die twee gesigte in hoofstuk 7 wil God vir die gelowiges sê dat hulle nie bevrees moet wees nie. Hy beskerm hulle en laat hulle oorwin ten spyte van die grootste verdrukking. So bring die ses seëls groot vrees by die ongelowige wêreld [6:1-17]. Die tussentoneel bring egter groot vrede by die volk van God [7:1-17].

BYBELSTUDIE OPENBARING: DIE VYFDE EN SESDE SEËL [6:9-17].

1. LEES: Openbaring 6:9; Filippense 2:17; 2Timoteus 4:6; Levitikus 4:7; Eksodus 29:12; Levitikus 17:11.
   Johannes sien met die oopmaak van die vyfde seël, die siele van die martelare **onder** die altaar. Wie is hierdie siele en waarom lê hulle onder die altaar?

2. LEES: Vers 10; Lukas 23:34; Handelinge 7:60; Psalm 94:3; Habakuk 1:2.
   Die martelare vra dat God sy oordeel moet voltrek en hulle dood wreek. Bots dit nie met Jesus en Stefanus se gebede nie? Hoe moet ons die martelare se bede verstaan?

3. LEES: Vers 11; Openbaring 1:13; 7:9,13,14; 22:14; Markus 16:5.
   Waarop dui die lang wit klere wat die martelare ontvang?

4. Met die oopmaak van die sesde seël breek die oordeelsdag aan. Die oënskynlike vernietiging van die heelal is deel van God se oordeelsvoltrekking.
   LEES: Openbaring 6:12-14; Jesaja 2:19; Esegiël 38:19; Sagaria 14:5; Joël 2:10-11,31; Esegiël 32:7; Amos 8:8; Jesaja 34:4; Nahum 1:5; Jeremia 4:24.
   Beskryf die gebeure in die natuur en heelal wat in die sesde seël geopenbaar word. Moet ons dit letterlik verstaan?

5. LEES: Openbaring 6:15-16; Jesaja 2:19,21; Hosea 10:8; Lukas 23:30.
   Na die reeks gebeure in vraag drie, volg die effek daarvan op 'n groep mense. Watter mense word in vers 15-16 genoem en wie verteenwoordig hulle? Waarom wil hulle wegkruip?

6. Beskryf kortliks die betekenis van die ses seëls soos u dit verstaan.

ANTWOORD.

1. Dit val op dat die breek van die vyfde seël nie gepaard gaan met die uitroep van een van die lewende wesens nie. Dit gebeur wel met die stemme van mense [gelowiges] wat doodgemaak is as gevolg van hulle getuienis [9]. Johannes kry hier 'n kykie in die hemel en sien aan die voet van die altaar die martelare wat doodgemaak is [9a]. Hulle is doodgemaak omdat hulle getuies van Jesus Christus op aarde was.
   Maar waarom lê hulle onder die altaar? Op die altaar is geoffer. Christene wat ter wille van Christus sterf, is as offers beskou [Fil.2:17; 2Tim.4:6]. In die Ou Testament is die bloed van die offerdier onder teen die altaar gegooi. Die bloed is dan ook as die ‘siel’ of die ‘lewe’ beskou. So lê die siele van die Christenmartelare ook ‘uitgegiet’ aan die voet van die hemelse altaar.
2. In die martelare se gebed gaan dit nie om persoonlike wraak nie. Dit gaan eerder om die handhawing van God se eer. Dit is nie die martelare se verhouding met die bewoners van die aarde wat hier op die voorgrond staan nie. Dit gaan eerder oor die martelare se geloof in God en sy eer. Die bewoners van die aarde is in Openbaring 'n benaming vir die vyandige en opstandige mensheid teen God. Dit dui daarom nie op die hele aardse bevolking nie [vgl. Op.11:10; 13:8; 17:2,8].
3. Die lang wit klere dui nie op die verheerlikte opstandingsliggaam nie. In Openbaring dra die wit klere die betekenis van heiligheid. Die klere van die geseëndes is gewas in die bloed van die Lam. Maar die wit klere is ook die simbool van oorwinning. En om te oorwin beteken om enduit aan Christus getrou te bly. Sodra die martelare in die hemel wat oorwin het, wit klere. *Op die aarde simboliseer wit heiligheid en suiwerheid en in die hemel oorwinning en heerlikheid [Jan du Rand]*.
4. Die beskrywing van die aardbewing en alles wat daarmee gepaardgaan, moet nie in alle opsigte letterlik verstaan word nie. Dit wil ons eerder onder die indruk bring van die skrikwekkende omvang daarvan. Johannes sien 'n groot aardbewing. Dit is 'n tipiese wyse waarop God die mens besoek. Daarmee saam beskryf dit ook simbolies God se oordeel oor sy vyande [Ps.78:7-8; Joël:2:10].

Die son het swart geword soos 'n harige sak. Die swart harige sak verwys na 'n swart, harige bokvel wat as rouklere gedra is. Die gedagte van rou word hier beklemtoon.
Die maan wat soos bloed word verwys na Joël 2:31. Dit is 'n beskrywing van die intensiteit van God se oordeel [vgl. Eks.10:22; Eseg.32:7-8].
Die sterre wat op die aarde val soos die navye van 'n vyeboom, sinspeel op Jesaja 34:4. Dit is 'n beeld van God se oordeel oor die nasies.
En die hemel wat verdwyn soos 'n boekrol wat opgerol word? Ook dit verwys na Jesaja 34:4 en Markus 13:25. Dit dui daarop dat die bestaande orde geheel en al omvêrgewerp sal word. So word plek gemaak vir die nuwe begin.
Die berge en eilande wat uit hulle vaste staanplek geskud word, beklemtoon die krag van God se oordeel.
Vir die goddeloses en onregverdiges wat Hom nie wou erken nie, sal die dag van die Here skrikwekkend wees. Niks is meer dieselfde nie.
[Ns.: Dit is belangrik om raak te sien dat 6:12-17 God se antwoord op die martelare se smeekgebed is. Dit sluit die ontplooiing van die oordeelvoltrekking in sy geheel in].

5. In die chaos van die eindoordeel is mense totaal ontredder. Hulle storm in alle rigtings. Dit is die mense wat normaalweg die veiligste is en die minste ly in tye van ontwrigting: die groot leiers. Tipies aan Johannes bestaan hierdie mense uit sewe groepe. Sewe simboliseer iets van volkomenheid. Al die mense wat die gelowiges verdruk, val hier onder die oordeel van God.
Kom daar chaos, is 'n mens se hoop gewoonlik op die weermag [opperbevelhebbers] gevestig. Maar ná die konings en die hoofamptenare is hulle die eerste wat na skuiling soek. Waarom wil hulle wegkruip? Omdat hulle besef dat die "groot dag van die oordeel" aangebreek het en daarmee saam die "toorn van die Lam". Die geslagte Lam [5:6] het nou die Lam as Regter geword. God en die Lam se toorn moet nie verstaan word as 'n persoonlike wraaklus nie. Dit is eerder sy heilige reaksie op volgehoue ongeregtigheid. Die dag van die Here sal skrikwekkend wees vir almal wat nie in die regte verhouding tot God staan nie.

6. As die boekrol met die seëls oopgemaak word, sien Johannes hoe die Here van oordele oor die wêreld gebruik maak om sy koninkryk te laat kom. Dit is die geskiedenis van die wêreld van dag tot dag tot aan die einde. Maar dit is ook die geskiedenis van die kerk soos wat God sy kerk [sy volk] tussen al die vervolging deur bewaar tot die einde. Hierdie seëls dui op die gebeurtenisse tussen die eerste en tweede koms van Jesus Christus. Die sesde seël dui op die eindoordeel van God.

****